

Vrydag 10 Mei

Skrifgedeelte: Josua 2

Fokusgedeelte: Josua 2:11

'n Hoer word moeder van Christus

'n Gerug het in Jerigo die rondte gedoen. Die inwoners het gehoor van die volk Israel wat slawe in Egipte was en deur die HERE bevry is. Hulle is op pad na Kanaän toe. Jerigo sidder. Die skrik van die HERE het op die stad geval.

In hierdie gespanne atmosfeer stuur Josua in die geheim twee manne uit. Hulle moet die land Kanaän gaan verken, veral die stad Jerigo. By hulle aankoms in Jerigo kom hulle in die huis van 'n hoer tereg. Dit is geen toeval nie. Toeval bestaan nie.

En wat doen Ragab, die hoer? Sy ontvang hulle in vrede (Heb. 11:31). Sy bied aan hulle 'n veilige tuiste. Sy help hulle in die uitvoering van hulle Goddelike opdrag. Die feit dat Ragab die verkenners so ontvang, getuig van haar geloof in God. Sy bely haar geloof openlik: "Ek weet dat die HERE die land aan julle gegee het. Want die HERE julle God, Hy is God in die hemel daarbo en op die aarde hieronder."

Hoe kom 'n vrou van haar kaliber op die punt om só haar geloof te bely? Daar is net een antwoord op hierdie vraag. So werk die HERE onse God. Vir Ragab self was die val van Jerigo gelykstaande aan die val van heidendom in haar lewe. God trek haar uit die moeras van hoerery en afgodery uit. Sy kry vaste grond onder haar voete: die grond van die verbond met God. Op daardie grond sal sy leer om nooit weer haar liggaam te onteer en misbruik nie. Sy sal leer om waaragtig lief te hê, te bemin, te koester, te respekteer, te vertrou, te eer, God te verheerlik.

Vanaf 'n straatvrou met losse sedes word sy verhef tot 'n hoogstaande ereposisie. Dit doen Jesus Christus aan aar, Christus wat nog moet kom, aan Wie se koms sy menslikerwys mag saamwerk. Christus gaan uit haar gebore word, en vir haar sterf. Hy gaan haar verlos van alle sondes en ellende, selfs van die ewige dood waarin sy tot nou toe onteenseglik geleef het.

Tog sal sy bekend bly staan as Ragab, die hoer (Heb. 11; Jak. 2). Daardie naam word by ons ingegraveer sodat ons almal blywend aan ons sonde van ontrou herinner word. Maar ons word in die evangelie van Christus se geboorte ook daaraan herinner dat Christus haar en ons van alle vorms van hoerery verlos.

Laat ons kragdadig met alle ontrou breek! Deur altyd onverdeeld op God te vertrou. Deur in ons lewens voortdurend te onderskei wat belangrik is en wat onbelangrik is, en ons vir die belangrike dinge te beywer. Deur te ywer vir die HERE en nie met louheid en flouheid tevrede te wees nie.

Sing: Psalm 71-1:9

Dr. GJ Meijer (Gerard) (Oos-Moot)